

21 September

Skrifgedeelte: Johannes 7:53-8:11

Fokusgedeelte: Johannes 8:11b (OAV)

Die tug van die skuldige sondaar

Wanneer dit by die vermaning en tug van mense kom, is daar twee uiterstes. Aan die een kant is daar die mense wat glad nie iemand wil vermaan nie, want wie is hulle tog om oor sonde te praat as hulle self sondaars is. Aan die ander kant kry jy weer diegene wat koud en klinies met die letter van die gebod werk. Die skrifgeleerdes en Fariseërs was van laasgenoemdes. Hoe hulle dit ook al te wete gekom het, hulle het 'n vrou na Jesus gebring wat op heterdaad betrap is waar sy owerspel pleeg. Volgens die wet moet so 'n vrou gestenig word, sê hulle. Maar nou wil hulle weet hoe Jesus die saak gaan hanteer. Hulle soek iets waaraan hulle Hom skuldig kan bevind.

As Seun van God weet Hy waarom sy teenstanders met die skuldige vrou daar is. Dit gaan nie oor die vrou nie, maar oor Hom en wat Hy met die wet doen. Hy pleit nie dat sy verskoon moet word nie. Hy weet sy is skuldig en Hy stem met haar aanklaers saam – sy moet gestenig word. Daarom neem Hy hulle verder op die letter van die wet. Die steniging moet wettig wees. Ten minste twee getuies moes haar betrap het en hulle moet die eerste klip gooi, maar niemand van hulle was werklik getuies van die owerspel nie.

Wanneer almal wat haar daarheen gebring het, weg is, breek die helder vermaning van Jesus deur as Hy vir haar sê: *Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie.* Van al die wonders wat Jesus gedoen het, is hierdie een die grootste – om vir 'n skuldige sondaar te sê: *Ek veroordeel jou ook nie.*

Jesus sien nie haar sonde oor nie. Sy is skuldig en Hy het ingestem dat sy gestenig moet word. Maar Hy het enkele maande later die straf ook vir haar sonde aan die kruis gedra. Sy sal 'n tweede keer voor Jesus te staan kom wanneer Hy as Regter kom. Dan sal Hy oordeel of sy die genade van destyds haar eie gemaak het en Hom gehoorsaam het.

Sing: Psalm 65:2, 3 (1936)

Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)